Met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste

Die grootsheid van die Koran en die waarheid van die Profeetskap van Mohammed soos vervat in vers 1 tot 62

Maar Allah is die volmaakte Ontwerper en Skepper

1. Geseënd is die Een wat die Maatstaf aan Sy dienskneg geopenbaar het, sodat daardie dienskneg ‘n boodskapper met ‘n waarskuwing* aan al die wêrelde kan wees, (*K34:28)

2. die Een aan Wie die koninkryk van die hemele en die aarde behoort, Wie nie ‘n seun gehad het, en ook nie enige vennoot in die koninkryk nie, en Wie alles geskape het en dit in volmaak gepaste mates en hoeveelhede ontwerp het.

Die magtelose gode van die afgodedienaars

3. En die afgodedienaars het vir hulleself gode, ander dan Allah versin wat hulle glo net soos Allah is, gode wat niks skep nie, maar wat eerder self geskape is, en wat net so min krag of mag besit om hulleself te bevoordeel of te benadeel, as wat hulle enige mag het oor die dood of die lewe of die opstanding uit die dood.

Die argumente van die ongelowiges en die veelgodedienaars met die antwoorde daarop

4. En die ongelowiges het gesê: “Hierdie kamstige openbarings wat die sogenaamde boodskapper verkondig is niks anders nie as dinge wat hyself uitgedink het, en waarmee ander mense hom gehelp het.” So het sy aanklaers na vore gekom met hul onregverdige optrede en valse beskuldigings.

5. Verder het hulle gesê: “Hierdie is niks anders nie as die ou verhale van die Jode en die Christene wat dag en nag aan hom voorgelees is en wat hy laat neerskryf het.”

6. Mohammed vir diegene wat jou van dit beskuldig moet jy sê: “Die boodskap wat ek verkondig was aan my geopenbaar deur die Een wat die geheim van die hemele en die aarde ken, so die bewyse vir die waarheid van die openbaring soos vervat in die Koran, is in die Koran self opgesluit. Hy is inderdaad die Meesvergewende, en die Meesgenadige.”

7. Hulle het ook gesê: “Wat vir ‘n boodskapper is dit die wat kos eet en in die winkels rondloop. Hoekom is dit dat ‘n engel nie gestuur is om ons saam met hom te kom waarsku nie,

8. of dat een of ander waardevolle skat nie na hom toe afgegooi word nie, of dat hy nie sy eie tuin het om van te eet nie?” En hierdie oortreders het gesê: “Julle wat so agter hom aan loop, julle volg niemand anders as ‘n getoorde mens nie.”

9. Kyk net watse valse aantygings maak hulle teen jou met al die beskuldigings en leuens oor jou: hulle het die pad byster geraak en kan nie weer hulle weg terugvind nie.

Antwoorde op die beskuldigings teen die Profeet

10. Geseënd is die Een wat, indien Hy sou wou, aan jou selfs beter kan gee as tuine waaronderdeur riviere vloei, en paleise om in te woon.

11. Maar hulle glo nie in die Uur van die Oordeelsdag nie, en Ons het vir diegene wat nie glo dat daar ‘n Uur van Sy oordeel sal wees nie, ‘n vlammende vuur voorberei.

12. ‘n Vuur waarvan hulle, wanneer hulle dit nog net van veraf sien, alreeds die vlammende vreesaanjaende dreuning daarvan sal hoor,

13. en wanneer hulle in ‘n nou plekkie daarin gegooi word, sal hulle aanmekaar vasgeketting wees, en hulle sal oor en oor smeek om liewers te sterf.

14. Moenie vandag net smeek om net een keer te sterf nie, maar smeek om oor en oor te sterwe.

15. Mohammed vra vir hulle: “Klink die beskrywing van die Vuur vir julle beter of die beskrywing van die ewige Paradys wat diegene belowe is wat ‘n heilige ontsag en respek vir Allah het?” Dit sal vir hulle ‘n beloning wees en ‘n finale rusplek.

16. Hulle sal ontvang net dit wat hulle wil hê, terwyl hulle vir ewig sal lewe. Hierdie is ‘n belofte wat julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer onderneem, die vervulling van dit waarvoor gebid sal word.

17. En moenie vergeet nie, daar kom ‘n Dag wanneer Hy hulle en dit wat hulle naas Allah aanbid het bymekaar sal maak, en die eerstes vir die laastes sal sê: “Het julle hierdie diensknegte van My mislei of het hulle vanself die pad byster geraak?”

18. Dan sal hulle sê: “Eer en heerlikheid aan U: U is waarlik rein. Ons en hulle het ‘n fout gemaak en moes nooit enige ander wesens as net U, as beskermers vereer het nie. Maar U het ten spyte daarvan in hulle en hulle voorouers se aardse behoeftes voorsien, totdat hulle U raad en advies vergeet het en ‘n geruïneerde volk geword het.”

19. Die gevolg is dat hulle eie julle naas Allah gedien en aanbid het sal ontken dat hulle iets met julle verering te doen gehad het, dat hulle nie julle helpers en beskermers was nie, en julle as die leuenaars ontbloot wat julle is. En julle sal nie die straf kan keer of enige hulp ontvang nie. En die van julle die onreg pleeg deur ander wesens in aanbidding met Allah te assosieer, Ons sal so iemand pynlik straf.

20. Mohammed, en Ons het nie enige boodskapper voor jou gestuur wat nie geëet en nie handel gedryf het nie: hulle was almal gewone mense wat moes werk vir ‘n lewe. En Ons het sommige van julle ‘n toets en beproewing vir ander gemaak ten opsigte van dankbaarheid vir dit wat julle het, welsynswerk en geduld, want almal is nie ewe welaf, ewe gesond, ewe sterk en ewe gesien in die samelewing nie. Sal julle dan nie geduldig bly nie? Julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer is Alsiende.

Oopkop teenstanders van Islam moet waak daarteen om nie te vêr te gaan in hul opstand teen Allah nie

21. En die vasberade ongelowiges wat nie ‘n ontsag en respek het vir die feit dat hulle Ons sal moet ontmoet nie het gesê: “Hoekom is die engele nie eerder na ons toe gestuur nie en hoekom sien ons nie ons Skepper, Voorsiener en Onderhouer self nie?” Hulle dink verseker te veel van hulleself, en het te vêr gegaan in hulle opstand en rebelse houding.

22. Die dag wanneer hulle die engele sal sien sal daar in elk geval vir die sondaars geen goeie nuus wees nie, en dan sal hulle sê: “Wat ons nou nodig het is ‘n skuilplek, ‘n wegkruipplek waar ons heeltemal beskerm is.”

23. En tydens die Oordeelsdag sal Ons kom by die beoordeling van alles wat hulle gedoen het, en Ons sal hulle dade verander in verstrooide stof.

24. Die mense egter wat die Paradys sal bewoon, sal op daardie dag die beste daaraan toe wees ten opsigte van woonplek en rusplek.

25. Op daardie Dag, die Oordeelsdag wanneer die hemelruim sal oopbreek met ‘n wolk en die engele majestueus neerdaal,

26. en die Koninkryk* op daardie dag aan die Alomgenadige behoort, terwyl dit vir die ongelowiges ‘n moeilike dag sal wees. (K40:16)

27. En hou die Dag in gedagte wanneer diegene wat verkeerd doen hulle hande sal byt en sê: “As ek maar liewers na die boodskapper geluister het sodat hy my na die regte weg toe gelei het!

28. Arme ek! As ek maar liewer nie met so-en-so vriende was nie!

29. Want daardie vriend van my het my van die wal af in die sloot gelei nadat ek goeie raad by die boodskapper gekry het.” Dit is die Satan wat deur die mens bedrieg word.

Die Gelowiges wat die Koran vergeet en verwaarloos

30. En die boodskapper sal sê: “O my Skepper, Voorsiener en Onderhouer my mense beskou die Koran as iets wat hulle maar kan verwaarloos en vergeet.”

31. Mohammed, dit is niks nuuts nie, Ons het op soortgelyke wyse vir elke profeet vanuit die sondaars, mense gemaak wat hulle vyandiggesind was, maar jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer is voldoende vir jou as gids en ondersteuner.

Die ongelowiges bevraagteken die openbaring van die Koran oor ‘n lang tydperk

32. Verder het diegene wat nie geglo het nie, ook gesê: “Hoekom is die Koran nie op een slag aan hom geopenbaar nie?” Mohammed, vir diegene wat so sê kan jy verduidelik dat Ons dit op hierdie manier in dele geopenbaar het sodat Ons jou hart kon versterk, deur dit bietjie vir bietjie* te openbaar sodat jy dit maklik kon onthou, en sodat Ons jou van praktiese leiding kon voorsien vir voor die hand liggende uitdagings en sodat Ons jou kon bystaan met vinnige antwoorde op die moeilike vrae waarmee jy gekonfronteer word. (*K17:106)

33. Maar hulle bring geen teenargumente of bewyse om hulle standpunte teen die Koran te staaf nie, terwyl Ons aan jou die korrekte standpunt om in te neem wys en gee aan jou beter antwoorde.

34. Diegene wat, met hulle gesigte van verleentheid op die grond, aangedryf gaan word Hel toe: hulle is in die slegste daaraan toe en baie ver afgedwaal van die pad.

Moses en Aaron

35. Ons het aan Moses die openbaring gegee wat in sy geskrifte, die Wet vervat was, en sy broer Aaron om hom by te staan.

36. Toe het Ons gesê: "Gaan julle twee nou na die mense toe wat Ons boodskap en bewyse verwerp het." Daarna het Ons die mense na wie toe Ons hulle gestuur het, Farao en sy volk algeheel uitgewis. (K40:34)

Noag en sy mense

37. Wat betref die mense van Noag, toe hulle die boodskappers verwerp het, het Ons hulle verdrink en 'n voorbeeld vir die hele wêreld gemaak. En Ons het 'n pynlike straf vir die oortreders voorberei.

Die verwoesting van opeenvolgende volke

38. So het Ons ook die mense van Ad en die mense van Thamoed asook die inwoners van een van die dorpies met die put: Ar-Ras, van die Thamoed-mense wat ook as "Rass" bekend gestaan het, en vele geslagte wat nie eers hier genoem word nie en wat tussen die tydperke van hierdie volke bestaan het, uitgewis.

39. En aan elkeen van die volke het Ons voorbeelde voorgehou soos die, en elkeen van hulle het Ons totaal uitgewis.

Wat leer die mens van vandag uit die verhaal van Sodom?

40. Die heidene van Mekka het inderdaad by die dorp Sodom van die mense van Lot wat deur die "bose reën" van klippe en gebakte klei getref was, verbygegaan. So, het hulle nie gesien hoe dit daar lyk en het hulle niks uit Sodom se verhaal en die gevolge van hulle ongehoorsaamheid aan hulle boodskapper geleer nie? Maar hulle glo mos nie in die Opstanding nie, so dit is te verwagte dat hulle niks uit die verhaal van Sodom sal leer nie.

41. Mohammed, en wanneer hulle jou sien dan lag hulle net vir jou so asof jy die grap van die dag is, en sê: "Is dit die man wie Allah as boodskapper gestuur het?

42. Hy kon dit amper reggekry het om ons van ons gode af te rokkel, as dit nie was dat ons so vas geglo het nie." Wanneer hulle hul straf sien, sal hulle weet wie die verste afgedwaal is.

Diegene wat hul begeerte as god geneem het is soos diere

43. Sê my: sal jy as beskermheer optree vir die persoon wat sy eie selfsugtige begeertes as god en godsdiens geneem het: die persoon wat verbode dinge doen wat teen die beginsels van Islam is net om sy persoonlike drange en wellus te bevredig?

44. Of dink jy dat meeste van hulle hoor wat jy sê of verstaan wat jy sê? Hulle is niks anders as net soos diere nie. Inteendeel hulle het verder afgedwaal in hulle lewenswyse as diere.

Allah in beheer van die sterrestelsels

45. Het jy nie opgelet hoe julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer die skaduwees laat rek nie? En indien Hy wou kon Hy dit laat stilstaan het. Maar toe maak Hy die son as die leier van die skaduwees.

46. En toe laat Ons die skaduwees bietjie vir bietjie langer word sodat dit lyk asof dit agter Ons aansleep.

47. En Hy is die een wat die nag vir julle as 'n tyd van donkerte gemaak het sodat julle verplig is om te stop waarmee julle besig is en te rus, soos wat Hy die slaap 'n manier gemaak om te rus en die dag 'n tyd om aan die gang te wees.

Allah is in beheer van die natuur

48. Hy is die Een wat die winde gestuur het om die goeie nuus van Sy genade oor te dra: die aankondiging van reën met die wolke wat dit voortdryf. En dan het ons die reën uit die hemele gegee, die reën wat alles skoon was en reinig,

49. sodat ons daarmee ook die verdroogde land wat selfs lyk asof alles dood is kan laat herlewe en drinkwater kan gee aan al die diere en mense wat Ons geskape het.

Sodat die mens dankbaar kan wees

50. En Ons het die water onder hulle verdeel sodat hulle daaruit kan leer, net om te vind dat meeste van die mens kies om ondankbaar te wees.

51. Indien Ons wou sou Ons 'n boodskapper met 'n waarskuwing in elke dorp gestuur het.

Die boodskap van die Koran moet op elke moontlike manier verkondig word

52. So, moenie na die heidene luister nie maar voer ‘n intensiewe Stryd teen hulle met die Koran: verkondig die boodskap van die Koran op elke moontlike manier en bestry hulle boodskap van ongeloof daarmee.

Varswater en Seewater

53. Hy is ook die Een wat die twee soorte waters geskape het: die een heerlik soet en die ander sleg en ondrinkbaar, en dit is Hy wat tussen die twee soorte water ‘n skeiding en buffer gemaak het, wat nie oorgesteek kan word nie.

54. En Hy is die Een wat die mens van water geskape het, en wat toe vir hom familie gemaak waarvan sommige bloedverwant is en ander aangetroud.

Verbasend! En na dit alles wat maak die mens?

55. Hulle dien en aanbid dit wat hulle nie enigsins kan bevoordeel of enige skade kan aandoen nie. En die ongelowige is altyd ‘n ondersteuner van die Satan teen sy Skepper, Voorsiener en Onderhouer.

56. En Ons het jou om geen ander rede gestuur nie as net dat jy ‘n draer van goeie nuus en en ‘n waarskuwing sal wees.

57. Mohammed sê vir hulle: “Ek verwag van julle geen vergoeding nie: net dat wie ookal wil die lewenswyse van sy Skepper, Voorsiener en Onderhouer sal aanneem.

58. En plaas jou vertroue in die Ewiglewende wat nie kan doodgaan nie, en verkondig Sy reinheid saam met Sy lof. Hy het die vermoë om kennis te dra van die sondes van Sy diensknegte,

59. die Een wat die hemele en die aarde en alles wat daartussen is in ses dae geskape het en wat Homself daarna op die Troon verhef het: die Alomgenadige: so indien iemand meer wil weet oor Hom, moet hulle iemand wat weet, oor Hom uitvra.

60. En wanneer aan hulle gesê word om laag op die grond voor die Alomgenadige neer te buig, dan sê hulle: “Wat is Alomgenadige? Moet ons laag op die grond neerbuig voor jou Alomgenadige net omdat jy so sê?” Al wat sulke gesprekke met die ongelowiges regkry is om hulle meer opstandig te maak as wat hulle reeds is.

61. Eer en heerlikheid aan die Een wat die sterrestelsels in die hemelruim geskape het en daarin die son en die maan geplaas het: die son wat skyn soos ‘n lamp* en die maan wat die lig van die son weerkaats, sodat dit ook soos ‘n lig skyn. (*K78:13 & K10:5 K71:15-16)

62. En Hy is die Een wat die dag en die nag wat mekaar opvolg gemaak het, vir diegene wat erkenning wil gee aan die Skepper daarvan en wat hulle dankbaarheid wil wys.

Die Alomgenadige en die karaktertrekke van Sy toegewyde diensknegte

1. Hulle is Sy diensknegte, sy eiendom
2. Hulle is nederig
3. Hulle antwoord altyd rustig en kalm

63. Die diensknegte van die Alomgenadige is diegene wat nie trots en arrogant is nie maar nederig, beskeie en met dekorum op die aarde lewe en wanneer iemand met hulle praat, of dit nou iemand is wat nie van beter weet nie of iemand wat moedswillig kennis ignoreer, dan antwoord hulle rustig en kalm,

4. Hulle is dag en nag in diens en gebed

64. hulle is ook diegene wat self in die nag* wanneer niemand hulle kan sien nie en hulle moeg is, laag op die grond voor hulle Skepper, Voorsiener en Onderhouer in Aanbidding en Gebed neerkniel en staan. (*K32:16 & K39:9 & K51:17,18)

5. Hulle is nooit selftevrede met hulle geestelike lewe nie

65. ...en diegene wat, al is hulle so toegewyd steeds ‘n ontsag en respek het vir die komende Oordeelsdag en bid: “Onse Skepper, Voorsiener en Onderhouer hou die straf van die Hel van ons af weg: want die straf van die Hel is ‘n nimmereindigende lyding.”

66. Ja dit is so dat die Hel as rusplek en woonplek ‘n slegte plek is.

6. Hulle werk spaarsamig met hulle besittings

67. Verder is die diensknegte van die Alomgenadige wanneer hulle hul besittings spandeer nie spandabelrig of suinig nie, maar matig en met verantwoordelikheid,

7. Hulle assosieer nie enigiets of enigiemand met Allah nie
8. Hulle doen iemand aan wie Allah beskerming bied geen leed aan nie
9. Hulle raak nie betrokke by buite-egtelike seks nie

68. en hulle wat geen ander god naas Allah aanroep nie, en ook nie iemand aan wie Allah skuiling gegee het onregmatig doodmaak nie en nie buite-egtelike seks het nie: wie dit doen sal die vergelding van sy sonde moet vat,

69. vir so ‘n persoon sal die straf verdubbel word, en hy sal vir ewig in die Hel bly in algehele vernedering,

70. behalwe vir die een wat berou het, sy sonde bely, glo en daarna goeie dinge doen: vir sulke mense sal Allah die slegte dinge wat hulle gedoen het in goeie dinge verander*, en Allah is Meesvergewend, en Baiegenadig. (K33:71)

71. Verder is die diensknegte van Allah wie ookal berou het en hulle sonde bely en goeie dinge doen en hulleself in alle opregtheid na Allah toe draai,

10. Hulle het niks met leuens en valsheid te doen nie
11. Hulle loop dadelik met waardigheid weg indien hulle met leuens en valsheid in aanraking sou kom

72. so ook diegene wat hulle nie met leuens en valsheid ophou nie, en wanneer hulle daarmee in aanraking kom, doodeenvoudig hulle rug daarop draai en met waardigheid daarvan af wegstap.

12. Hulle draai nie hulle rug op die boodskap van Allah nie

73. en diegene wat, wanneer hulle herinner word aan die boodskap van Allah soos vervat in die verse van die Koran, dit nie net soos dowe en blinde hanteer nie maar daarvan kennis neem soos nugtere en redelike mense,

13. Hulle bid vir voorbeeldige huweliksmaats en gesinne

74. net so ook hulle wat bid: “Onse Skepper, Voorsiener en Onderhouer, gee vir ons deur ons eggenote en kinders vreugde en maak my ons voorbeelde en leiers vir hulle wat ‘n heilige ontsag en respek vir U het.”

Die Beloning van die Toegewydes

75. Sulke mense sal beloon word met toelating tot die hoogste vlak in die Paradys omdat hulle geduldig was, en hulle sal daar verwelkom word deur die engele met ‘n groet van vrede en respek,

76. om vir ewig in die Paradys te woon. Dit is die beste woonplek en rusplek wat ‘n mens maar voor kan hoop.

77. Mohammed, sê vir diegene wat My nie tot My om hulp roep en My nie dien en aanbid nie: “My Skepper, Voorsiener en Onderhouer sal nooit na julle omsien, en julle sal nooit vir Hom van waarde en belangrik wees as julle Hom nie vra om julle te help en Hom nie dien en aanbid nie. Daarom, siende dat julle die waarheid van Sy boodskap belieg en belaster het, is julle vir Hom van nul en gener waarde en is julle straf onafwendbaar.” (K51:56)

O my Allah,

Dankie dat ek na U kan roep.

Dankie dat ek U om hulp kan vra en dat ek vir U belangrik is en dat U na my omsien.

Hou my net altyd in U genade en dra my waar ek struikel en val…

…sodat U altyd die eer kan kry vir dit wat ek doen en is.

Want dit wat ek is en wat ek het is net uit U genade: dankie dat U my in genade op die hande dra.

Amen